


# DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

## PAASFEES

Die maand April gee vir baie mense 'n blaaskans voor die jaar té veel op stoom kom. Ek praat natuurlik van al die vakansiedae. Studente en werkendes is in hulle noppies, want dit beteken ten minste twee langnaweke! Dis nou net lastig dat daar twee werksdae tussen die twee langnaweke val, dit sou nou nogal lekker gewees het as dit ook vakansiedae was, of hoe?



Op 'n ernstiger noot; in een van die langnaweke vier ons natuurlik Paasfees. Staan ons as Christene nog regtig stil by die feit wat daardie dag beteken? Die feit dat Christus vir ons aan die kruis gesterf het!

Ons sien al lankal uit na die langnaweke, maar ons vergeet om daarna uit te sien wat God ons op daardie spesiale dag gegee het en om dan die Here weer opnuut dankbaar te wees dat Christus die onselfsugtige daad gedoen het, wat vir ons onmoontlik was. En dat ons Hom nooit mag ophou dank vir sy groot genade nie, en dit nie net op Paasfees nie, maar elke dag van ons lewens.

Geniet die uitgawe!

Namens die Kaapse Redaksie  
Christine

### INHOUD

#### Uit die Woord

Gelukkig wees	2
Gelykenisse: Aanvegtinge en Sonde	3

#### Oppad

Tug	4
Lewe as Christen in Brasilië	4
Geur uit die spuitkannetjie	5

#### Voel jy ook so?

Om te lewe of om te Sterwe	6
Karre en bikes dat dir by my ore uit kom!	7

#### Studente

Kloning	8
---------	---

#### Sosiaal

Deur die sleutelgat	9
Voetspore	10

#### Nog iets

1 Korinthiërs 13	11
Breirympie	12
Verjaarsdae	12

## GELUKKIG WEES

Annemarie Eefing

### Mattheüs 5:9-11

- Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.
- Salig is die wat vervolgd word ter wille van die geregtigheid, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.
- Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolgd en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil.



Die einde van die saligsprekinge wys vooruit op wat volg. In vers tien word gesê dat mense wat agtervolg word omdat hulle die waarheid aanhang, gelukkig is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele. Niks op aarde kan jou volle geluk bring nie. As ons hemelse geluk wil

ervaar, moet jy nie buite die hemelse Vader om wil werk nie. Alleen Hy kan dit jou skenk. Dus: hang die waarheid aan – maak dit deel van jou lewe. Dit beteken nie dat jou lewe hier op aarde maanskyn en rosegeur gaan wees nie, intendeel, maar jy sal iets groter en beters erf. Iets wat ewig is en bo-aards. Alle saligsprekinge eindig in die tweede reël deur te sê dat die persoon wat só lewe, die ewige lewe gaan beërwe.

Die vredemakers, die vervolgd, die waarvan sleg gepraat word en beledig word terwyl hulle God dien en volg. Hulle almal mag weet dat, al skyn dit beter te gaan met die ongelowiges, hulle as gelowiges op die einde beter af is. Want ‘n gelukkige lewe op aarde is skyn en tydelik. ‘n Ware geloof in Christus en die wete dat God jou uitverkies het as sy kind, is ware geluk. God droog ons trane af; ons beërwe die aarde waar soveel wêreldmagte en heersers probeer het om vrede te bewerkstellig deur leuens of deur toe te gee aan massas. Waar gelowiges vervolgd en belaster, gespot en uitgelag is. ‘n Nuwe aarde wat God weer vir ons nuutgemaak het. Dit is ons aarde; waarom voel God se kinders soos vreemdelinge op hulle eie aarde?

Voor die belofte, telkens in die tweede reël, word egter gespesifiseer wéé dit dan wel die aarde beërwe. Nie almal wat sê: “Here, Here” sal die koninkryk van God erf nie. Sy kinders wat Hom met ‘n ware geloof aanroep en in nederigheid alles van Hom alleen verwag, hulle word salig genoem. Hulle lewe tot eer van hulle Vader en in liefde tot hulle naaste. Hulle sien op hierdie aarde nou al ‘n vooruitskouing op wat te wagte is. En in dankbaarheid vir God se genade en liefde, lewe hulle uit dankbaarheid tot prys en eer van sy Naam.

#### Redaksies:

##### Pretoria:

Redakteur: Rinus Kamphuis  
(kamphuisrk@hotmail.com)  
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge  
Penningmeester: Arjan van Houwelingen  
Lede: Willemien Kleijn  
Wilma Lubbinge  
Anita Zielman

##### Maranata:

Redakteur: Hein Smit (hein.smit@bmw.co.za)  
Sekretaresse: Annemarie de Vente  
Penningmeesteresse: Cora Visser  
Lede: Margreet Bron, Frans Hagg

##### Kaapstad:

Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)  
Artikelversorging: Maartje Eefing  
Christine van der Linden  
Sekretaresse: Margreet Moes  
Finansies: Jaco Haak

##### Kontakpersone:

Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)  
Bethal: Leclue Nienaber

##### Uitleg:

Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 10 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres:  
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Koste: R35.00 per jaar

## GELYKENISSE (2) AANVEGTINGE EN SONDE

Nicolien Bijker

*Matt. 13:37b-39:* "...Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens, en die saailand is die wêreld. Die goeie saad - dit is die kinders van die koninkryk, en die onkruid is die kinders van die Bose, en die vyand wat dit gesaai het, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld, en die maaiers is die engele..."

Laasmaand se gelykenis het ons geleer dat 'n lewe volgens die Woord die beginsel van die lewe in God se koninkryk is. Vandeemaand leer ons dat die Bybel meer van jou vra as om net te hoor en verstaan.

Hoe lyk ons gereformeerdes, kinders van God, vir ander mense? Kan hulle aan ons gedrag en optrede sien dat ons werklik kinders van God is? Stel ons 'n voorbeeld of kies ons eerder die wêreld se kant, die breë en gemaklike pad? Bly ons byvoorbeeld nie maar eerder stil as daar gevloek word nie? Of van die ander kant af gesien: dink ons dat ons beter is as die wêreld en sodoende 'n groter kans het om in die hemel te kom? Almal ken tog die woorde "ons is in die wêreld maar nie van die wêreld nie", maar wanneer pas 'n mens dit prakties toe?

Bogenoemde is vrae waarop almal die antwoord behoort te weet. Die gelykenis spoor ons aan om wel anders as die wêreld op te tree. Die vrugte van die geloof wat ons dra, moet sigbaar wees. Lees DL Hoofstuk 3&4, par 11.

Ons mag lewende getuïenisse van Christus wees. Nogals 'n groot voorreg. Natuurlik gaan alles nie altyd voor die wind nie. Ons moet voorbereid wees dat die duiwel God se werk gaan probeer vernietig. Gelukkig mag ons weet dat God klaar die duiwel oorwin het en niks ons van die liefde van God kan skei nie (Rom. 8:38-39).

In die gelykenis lyk die onkruid amper net soos

die koring. Wees op jou pasoppens, die onkruid het stewige wortels, dit kan ons in 'n japtrap toegroei en oorweldig. As 'n mens dit die minste verwag, slaan die duiwel toe. Daar is so baie dinge wat die duiwel gerieflik vir sy doel gebruik.

Media soos TV, radio, koerante en tydskrifte (dink aan die nasionale lotery wat so geadverteer word) werk perfek. Musiek wat jy sommer maar net luister het 'n groter invloed op jou as wat jy miskien mag besef. Gelukkig mag ons weet dat God ons beskerm teen die daaglikse aanvalle van die duiwel. Bid elke dag weer van die Here om ons genadig te wees en ons te help om teen die duiwel en sy werke te stry.

Ons moenie die kwaad probeer bestry of uitroei met geweldige optrede soos om bv. die SABC se kantore af te brand nie. Die stryd teen die duiwel is 'n geestelike stryd waarin ons stry met die wapenrusting van God aan sodat ons staande kan bly teen die liste van die duiwel (Ef. 6:10). Ons weet immers dat die Here die duiwel al klaar oorwin het?

Alle mense op aarde groei soos plante na die oestyd toe. Groei jou lewe na die vuur toe **of** groei jou lewe na die skuur toe? Slegs een is moontlik!

Die oestyd, of te wel die voleinding van die wêreld, is beslis 'n dag waarna ons almal met groot verlange mag uitsien!



## TUG

Antoinette Raimond

### *Hoekom tug?*

Dit veroorsaak dikwels soveel hartseer en pyn, hoekom vergeet ons nie net die tug en bewaar die 'vrede' nie.

Tug is noodsaaklik sodat God se Naam geëer kan word. Sonder tug word die liggaam van Christus, waaraan ons almal deel het, besmet en sy nagmaal onheilig. As daar dinge in die kerk toegelaat word, wat in stryd is met die Bybel, sal die mense buite die kerk verkeerd van die Here praat. Dan veroorsaak kerkmense dat God se Naam gelaster word.

Verder is die tug nodig vir die heil van die gemeente, m.a.w. om te voorkom dat die sonde nie al meer invloed in die gemeente sal kry nie. Slegte voorbeelde het 'n verderflike invloed. Wanneer die sondes nie bestraf word nie, lyk dit asof dit in Christus se gemeente gedoen mag word.

Die apostel Paulus verbied selfs die omgang met die goddelose (1 Kor. 5:6,11).

Laastens is dit noodsaaklik sodat die sondaar gered kan word. As die sondaar die pyn van die tug voel, kan hy wakker skrik en besef dat as hy nie sy lewe verander nie, die deur van God se koninkryk vir hom gesluit sal bly.

Tug is nie net die vermanings van die kerkraad en

### ***Tug is noodsaaklik sodat God se Naam geëer kan word.***

die gemeentelede nie. Dit begin by self-beproeving. Ons moet ons lewe eers aan die wet van die Here toets (Matt. 7:3-5).

Dan is daar onderlinge tug. Dit is die vermanings wat ons vir ons broers en susters gee wanneer ons sien dat hulle verkeerde dinge doen of sê. Galasiërs 6 verduidelik hoe versigtig ons te werk moet gaan wanneer ons dit doen.

Dan is daar nog amptelike tug. Dit is wanneer die sondaar nie na sy broers of susters luister nie en hy geen berou toon oor sy sonde nie.

Die sondaar sal eers van die doop en nagmaal weerhou word, daarna volg openbare vermanings en laastens, as die sondaar nog steeds in sy sonde volhard, die afsnyding of ban.

Dit is altyd hartseer as iemand getugtig moet word, en dit is nie maklik om dit te doen nie maar soos daar in Hebreërs 12:11 staan:

*“Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir DIE wat daardeur geoefen is.”*

### **Bibliografie:**

Lê die goeie belydenis af – Rob Visser  
Handboek by die kategisasie – G B A Gerdener



## LEWE AS CHRISTEN IN BRASILIË

Celio Petrucio dos Santos

Een van die jeuglede uit die gemeente van die *Igreja Reformanda do Brasil* (Gereformeerde kerk) in Maceio is gevra om 'n stukkie oor sy lewe as Christen in Brasilië te skryf. Die sendingwerk daar is in 1992 begin deur dominee

Kroeze en nou is dominee de Graaf sendeling daar.

Dit is die lewe van Celio Petrucio dos Santos...

Toe ds Kroeze begin het met sy sendingwerk in Village Campestre, een van die buitewyke van Maceio, was ek ongeveer 11 jaar oud.

Voordat ds Kroeze gekom het, het my familie en ek nooit kerk toe gegaan nie. In die begin het ek die vereniging en kerkdienste baie getrou bygewoon, maar ek het dit baie moeilik gevind om my ou lewe te verander. Daar was 'n tyd dat ek die kerkdienste en vereniging steeds meer begin versuim het om sokker met my vriende te speel. Nie een van my vriende het kerk toe gegaan en dus het ek ook steeds verder afgedwaal.

Maar my broer en ds Kroeze het my weer terug geroep en stadig maar seker het ek weer kerkdienste en verenigings begin bywoon.



Vandag is ek 18 jaar oud en 'n lid van die kerk. Laas jaar Oktober het ek belydenis gedoen. Elke Sondag gaan ek twee keer kerk toe om

God se Woord te hoor en om versterk te word deur die Gees van God. In die week studeer ek en ek kom dan te laat by die huis om die katkisasie en vereniging by te woon. Op Saterdag neem ek wel deel aan die Jeugbyeenkomste wat 'n paar jaar gelede begin is deur Beto ( Brasiliaanse dominee ) en nou gelei word deur H. Plug. Ons behandel hoofstukke uit die Bybel en onderwerpe wat daarmee in verband staan.

Deur die week studeer ek soos julle al weet. Ek is nou in die derde graad van die vervolgonderwys waar ek die rigting vir 'mechanic' volg.

---

## GEUR UIT DIE SPUITKANNETJIE

Toinette Coetzee

Sommige geure laat ons dink aan gif of slaan jou asem skoon weg of laat jou aan "Goeie ou dae" dink. Daar is ook geure wat jou woedend en ontsaglik vies maak. Elke spuitkannetjie het tog 'n doel met die inhoud.

Soms spuit ons gif uit op ander mense om van al ons probleme ontslae te raak, maar soms het die persoon niks eers met ons probleme te doen gehad nie. Soms wil ons skoonmaakmiddels uit ons kannetjie spuit om onenigheid tussen ons maats op te los en dit soms oor sulke eenvoudige dinge. Dan is daar die kere wat ons net aangename geure uit wil spuit.

Mense verwag van Christene om altyd net aangename geure voort te bring, omdat dit so "skriftuurlik" is, maar die realiteit werk ongelukkig nie so nie. Ons is ook maar net doodgewone mense wat aan alle beproewinge blootgestel word, en dan wil ons partykeer twee soorte geure uit een spuitkannetjie spuit.



Dit is waarvan die apostels praat in Romeine 7:15 "Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek." Meestal weet ons dat ons dinge doen wat nie reg is nie en dat God nie daarmee tevrede is nie. Ons is ook maar net mense wat partykeer onaangename geure versprei.

Die inhoud van ons lewens is aangenaam net omdat Jesus in ons harte kom woon het. Sonder God sal ons nooit reg wees om die vyand se pogings stop te sit nie.

Ons geur verjaag die sonde en bring veranderinge in ons lewens, sodat die vuil en onsuiverhede van die vyand nie oorneem nie. Jesus help ons dat ons geur rondom ons die onsuiverhede verjaag.

Ons spuitkannetjies het etikette op wat sê wie en wat ons is, lekkerruikgoed, gif, skoonmaakmiddels ens.

Ons moet van God vra om van ons aangename geure te maak vir Hom en ander mense.

*Voel jy ook so?*

## OM TE LEWE OF OM TE STERWE

Maartje Eefting

Ons het onlangs 'n *English tutorial* gehad oor tragedies. Dit sluit in ou Griekse tragedies tot hedendaagse tragedies. Ons was op daardie stadium met *Hedda Gabler* besig, vir dié wat bekend is met die toneelstuk. Dit het my opgeval dat die dosent gereeld na haar selfmoord as "glorious", "beautiful", "courageous" en "an overcoming of her cowardness and fear" verwys het. En ek, ek het weer stil geraak voor die groot man se wysheid en my laat meevoer deur haar (Hedda) se sielewroeginge. Voor ek my kon identifiseer, maak my vriendin my wakker deur vir die dosent te sê dat sy dink dit is sommer "a load of crap". En net daar daal ek weer in my eie oë en voel ek soos 'n verloorder, 'n "loser". Ek gaan weer op gevoel – ek laat my emosies my lei(y). Ek sien dinge nie in die groot geheel nie. Alles wat my vriendin te sê gehad het, weet ek. En wat meer is – ek stem saam met haar. Ek het weer in 'n onbewaakte oomblik laat slaplê. My laat meevoer deur die grootsheid van die dun lyn tussen lewe en dood.

## SELFMOORD: HOEKOM SELFMOORD: HOEKOM

Ek het vir 'n oomblik gewonder of ek aan iemand in die Bybel kon dink wat selfmoord gepleeg het en wat daarvoor gesê is. Verder het ek gewonder

oor redes waarom mense selfmoord pleeg en oor die mense wat agterbly. Die res van die klas was vir my verlore en so ook die drie daaropvolgende aande. My vriend, Jacques, moes dit ook ontgeld – ek is dankbaar vir sy hulp.

Die Bybel sê nie veel oor selfmoord nie, maar die Bybel is vol van 'n lewe vol vertroue op God. Daar is verskeie redes waarom mense selfmoord sal pleeg. Hulle sien eenvoudig nie meer 'n oplossing vir hulle probleme of gevoel van depressie nie. Hulle sien niks buiten die groot onoorkombare probleem waarmee hulle worstel nie. Hulle fokus daarop en alles daaromheen vervaag. Hulle vergeet, of kan nie meer insien, dat God dit is wat aan hulle bestaan sin gee nie. Hulle dink dat as hulle self hierdie probleem kan oplos of die gevoel van bedrukking kan oorkom, dan sal die lewe reg wees.

Die eerste fout wat hulle maak is deur te glo dat hulle self hulle probleme kan oplos. God sê vir ons dat ons alles in gebed en smeking aan Hom kan opdra. Dan kan jy verseker weet dat God dit sal verander of tot jou beswil sal beskik. En dan moet jy daarmee saamleef. Nie alleen nie, maar met die hulp van God waarvoor jy tot Hom bid. Jy moet jou krag put uit die onfeilbare Woord van God. Deur God se Woord skyn sy vaderlike genade. Daar gee Hy ons sy beloftes. Hy het ons verlos, ons uitverkies tot sy kinders en is met ons

tot die voleinding van die aarde.

Die volgende fout wat hulle maak is die oplossing wat hulle dan wel vir hulle probleme vind. As jy self besluit wanneer jy wil ophou lewe, ondermyn jy God se oppergesag. Hy is die een wat oor die lewe en die dood beskik; Hy weet die beste. Jy (en jou probleem) moenie eerste in jou lewe staan nie, maar God. Verder minag jy al die beloftes wat Hy in sy Woord gee. Jy aanvaar nie sy liefdevolle leiding in jou lewe nie.

Daar word soms gesê dat mense wat selfmoord pleeg, selfsugtig is. Dit is in 'n mate so; as 'n mens na die wat agterbly, kyk. Baie selfmoorde is goed beplan. 'n Mens kan dit sien aan die voorbereidings en die manier waarop die persoon aangetrek was en die metode van selfmoord. Ons moet beseft dat die meeste van hulle op die oomblik van selfmoord nie rasideel dink oor alle

gevolge van hulle daad nie. Miskien sou minder dan wel gesterf het. Dan is daar dié wat nie werklik wil sterf nie, maar eerder 'n tipe hulproep uitbring. Hulle wil hê iemand moet notisie neem en optree.

Hoe dit ookal sy: selfmoord is 'n tragedie. 'n Persoon in ons gemeentes mag nooit voel dat daar niemand is om hom na te keer nie. Gemeentelede moet bedag wees op mekaar. Ons moet mekaar herinner aan God se heerlike beloftes en ons afhanklikheid aan Hom. Ons moet vir mekaar bid – en saam bid. Dit gebeur maklik dat iemand eensaam voel en wegsink in depressie, al is hy of sy tussen 'n klomp mense. Ons moet mekaar te hulp snel as iemand deur 'n moeilike tyd gaan. Niemand mag agterweë gelaat word nie. En dan moet ons ook kan sê: ek sal lewe, ek sal sterwe – tot eer van God.

---

## KARRE EN BIKES DAT DIT BY MY ORE UIT KOM!

Anoniem

By ons in die kerk (Pretoria-gemeente) het ons jeug die voorreg om dikwels na die oggend en/of aanddiens by iemand se huis te gaan koffie drink. Die doel van so 'n koffiedrink is om op informele manier lekker saam te kuier en om mekaar beter te leer ken as medegelowiges van Christus. Dit sluit dus alle jeug in en nie net 'n paar mense nie. Ek het egter so bietjie 'n probleem, want buiten my 'close' vriende, ken ek eintlik maar net 'n paar ander lede van die jeug baie goed. Hierdie paar kan ek miskien op een hand tel, so min is hulle. Nou wil julle seker weet hoekom ek net so min mense ken.



Ek het die volgende situasie waargeneem. Daar is 'n paar mense by koffiedrink wat redelik dominerend is, en wat heel duidelik baie behep is met sy eie kar of 'biker' of ander bedrywigheid dat hy altyd aan iemand anders of die hele groep moet vertel wat hy nou weer bereik het. Hoe hy lekker die spoedgrens oortree het of watter nuwe

'gadget of feature' hy op sy vervoermiddel aangebring het om dit beter te laat 'perform'. Ook hoe om verkeersboetes te ontduik is 'n gewilde gesprekspunt. Dit gebeur dikwels dat 'n hele aand se gesprek deur sulke mense oorgeneem word en die gesprek oorheersend gaan oor karre en 'bikes'. Asseblief mense! Word wakker! 'n Kar of motorfiets is maar net 'n vervoermiddel om van punt A na punt B te beweeg en nie 'n ding om mee 'af te show' nie. Om die waarheid te sê is ek keelvol vir sulke praatjies en dit voel of dit by my ore uit kom.

Kan ons moontlik meer sinvolle gesprekke by die koffiedrink voer? Miskien kan ons meer belangstel in ander persone wat bietjie minder praat en nou half afgekraak voel oor hy/sy nog al die jare fiets ry.

Ek is seker almal het iets interessants om te vertel oor wat in sy/haar lewe gebeur. Hy/sy het miskien nog nie regtig die kans gehad om dit te vertel nie, omdat dit nie by die gesprek sal inpas nie. Almal se lewens is verskillend en daar is baie wat ons by ander kan leer.

Almal beleef ook opwinding is sy/haar lewe.

Daar is niks fout daarmee om interessantheid in jou lewe aan ander mense mee te deel nie. Dit is wel verkeerd om jou eie belangstellings te verabsoluteer en dit op ander mense af te dwing, en moontlik hul lewens as 'boring' te tipeer.

Laat ons dus daaraan werk om mekaar te aanvaar soos elkeen deur God gemaak is en deur God 'n spesifieke roeping gegee is. Miskien kan ons dan nog ander jeuglede van die kerk leer ken.

## **DIE ± 50 STUDENTE EN DOLLY**

Jan van Houwelingen

Sewe April was dit weer sulke tyd. 'n Groot hoeveelheid studente (+ hul ouers se motors) het bymekaar gekom op die parkeerarea van die kerk. Daarvandaan het ons gou pad gegee na die BMW-gebou op die mediese kampus van Tukkies.

Die rede dat ons so tussen die morfine-geure en 3-delige skedels vergader het, was te danke aan die onderwerp van die aand, naamlik kloning. Gelukkig kon ons weereens op Hanno Boon staat maak om die vergadering in te lei. Natuurlik het hy goeie werk gedoen, soos wat 'n mens van 'n anatomie-dosent kan verwag.

Hanno het die hulp van Freek van der Meer ook ingeroep, sodat ons darem oor beide die tegniese en die etiese kant van kloning ingelig kon word.

Hanno het begin om vir ons die mooiste skyfies te wys oor die eerste stadiums van 'n bevrugte eiersel van 'n muis. Dis darem maar 'n groot voorreg dat ons vandag al sulke goeie beelde kan sien van daardie groot wonders. Die skyfies het ons gehelp om die hele aand te besef hoe wonderlik mooi God se skepping is, dat wat die mens ookal aanvang, dit vergeleke by God se werk maar baie klein en krom is.

Freek het toe eers by Hanno oorgeneem en ons met sketse verduidelik hoe kloning van 'n sel plaasvind. Basies kom dit hierop neer dat die kern uit een sel gehaal word en in die plek van 'n (ontkernde) eiersel se selkern geplaas word. Deur middel van elektriese skokke word hierdie eiersel geaktiveer sodat dit verdeel en 'n embrio vorm. Die embrio word dan in 'n draagmoeder geplaas sodat dit kan ontwikkel tot die dag van geboorte.

Nadat Hanno eers gou-gou die *password* van sy rekenaar gaan soek het, het hy ons 'n paar webwerwe oor kloning gewys. Dis baie snaaks dat die internet die enigste plek is waar 'n mens iets te wete kan kom oor die kloning van veral mense. Ons was op een werf waarop 'n godsdienstige diskussie gevoer word oor die aanvaarbaarheid van kloning. Daar is absoluut geen ooreenstemming tussen die verskillende godsdienste oor die reg of verkeerd van kloning nie.

Ons het ook 'n werf besoek waar ons 'n mooi foto van Dolly (die eerste gekloonde skaap) en haar ma gesien het. Het jy al gehoor van Dolly se maatjie Polly? Polly is egter 'n transgeniese skaap. Dit beteken dat wetenskaplikes tydens die kloningsproses 'n menslike geen in die eiersel ingeplant het. Die gevolg hiervan is dat Polly menslike proteiene in haar melk het.

Ons het ook nog gaan kyk in die *Embryo Body Shop* op die internet. Dan besef 'n mens weer met watter gemors die mens besig is. So kry jy vir dr Seed wat homself en sy vrou gaan kloon. So wil hy sy voortbestaan verseker.

Op die oomblik investeer farmaseutiese maatskappye baie geld in die ontwikkeling van die kloonproses van menslike organe. Daar is so 'n tekort in die wêreld aan donororgane, met die gevolg dat daar baie geld is wat die maatskappye hiermee sal kan verdien. Spesifieke organe kan 'n mens gelukkig wel kloon, sonder om 'n gehele mens te kloon. Wat dit betref mag ons seker hoop dat hierdie proses eendag makliker en bekostigbaarder sal word.



Hanno het afgesluit met die belangrike boodskap naamlik dat God 'n vaste skeppingsorde daargestel het. Ons moet die Bybel as 'n vaste gegewe beskou waaromheen ons nie wetenskap kan beoefen nie. God is soewerein, dus is sy wette soewerein. As ons God se wette ignoreer, sal ons ongetwyfeld op belangrike kwessies vasloop. Net een van sulke vrae is wie sal die ouers wees van so 'n eventueel gekloonde mens? Sy eiersel-ma, sy selkern-ma of dalk sy draagmoeder-ma?

Na die pouse het ons kans gekry om Hanno en Freek te peper met ons vrae, en ons het om eerlik te wees tyd tekort gekom om alles te kan vra wat ons wou weet.


Nadat Hanno die vergadering met gebed gesluit het, het ons gereed gemaak om 'n kykie te neem in die anatomiese museum van Tukkies. Hanno het ons wel eers duidelik gemaak dat as ons na die gedesekteerde liggame kyk, ons dit vol

verwondering vir God se skepping moet doen en nie grappies oor die menseliggame moet maak nie.

Ons is toe almal ondertoe na die museum. Dit was regtig 'n hoogtepunt om dit te kon sien. En ja 'n mens dink nie eens aan grappies maak nie, want die mens is regtig pragtig geskep. Die detail en die wysheid wat 'n mens in die liggame sien is regtig fantasties.

Ongelukkig het die tyd begin druk en moes ons gou opruim. Maar studente wil mos nie al weer om half 11 by die huis wees nie; dus het ons maar gaan kuier met 'n ghitaar, popcorn en kerse op een van die terrasse van die Uniegebou. Totdat die koue herfswindjie ons tot halt geroep het.

As alles goed gaan sal ons DV in die volgende studentevereniging-verslag terugkyk op 'n mooi aandjie by die sterrewag van UNISA. Ons sal verseker ook daaruit weer God se almag en wysheid leer ken.



## Rehobot

Gen 26:22: "Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"  
**Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville**

### DEUR DIE SLEUTELGAT

Dit is 'n maand vol feeste, April. Ons vier Paasfees. Ons vier dat God sy enigste Seun vir ons gestuur het en dat Hy die dood vir ons oorwin het, opgevaar het na die hemel en nou vir ons 'n plek voorberei.


Dan is daar ook groot fees as twee van ons ou jeuglede en vriende, wat al so lank bymekaar is, Erik en Marié trou. Ons wens hulle veel seën en geluk saam toe. Ons is saam met hulle



bly op hierdie groot dag in hulle lewens.

Dit is nie alles net vreugde nie, ons neem ook afskeid. Axel en Erik gaan ons verlaat. Erik is al so lank deel van ons jeug. Wie gaan ons nou bel as ons nie weet wat "vanaand" gaan gebeur nie? En Axel wat so vinnig in ons harte gekruip het gaan ook nou 'n leegte los. Ons sien uit daarna om julle

begin volgende jaar weer terug te verwelkom. Julle sal altyd 'n plekkie hier by die Kaapse jeug hê. Selfs die gesoute Gautenger: Axel. Ons gaan van hom nog 'n opregte Kapenaar maak!



Die herfs is op ons. Die dae raak korter en koeler. Maar ons kuier nog lustig voort. Ek het nie "track" gehou met alles wat gebeur het nie, maar daar was 'n klomp dinge en goeters op die kalender. Veral met die klomp Gautengers (Erik, Janneke, Hein, Bertha en Jessica) hier in die Kaap. Hulle het glo die see gesien, by Axel gebraai en die heerlike weer in die Kaap geniet. Kom kuier gerus gou weer!

Margreet en Christine Scheltens het gesorg vir die eerste fondsinsamelings projek vir die

Kongres. Hulle het 'n potjiekoskompetisie gereël vir die hele gemeente wat plaasgevind het op 25 Maart. Daar was altesame agt potjies. Dankie vir almal wat deelgeneem het en baie geluk aan oom Bert van Dalen wat gewen het. Dankie ook vir die verdere familie van Van Dalen wat pannekoeke verkoop het en al die geld vir die jeug geskenk het!

Dis vir eers al van my kant af.

Die sleutelgatloerder



## VOETSPORE

Daar het nie *veel bijzonders* die afgelope tyd gebeur nie. Dit was nou skoolvakansie en die universiteit het darem ook 'n week vakansie gehad. Die technikon het net so 'n lang vakansie soos die skole gehad (julle gelukkige goed). En die werkendes het maar net aanhou werk.

Daar kom meer en meer jeug na die koffiedrinke op Sondagaande (nugter alleen weet hoekom). Dit word elke keer net geselliger en selfs die verskriklike reënweer hierdie tyd van die jaar kan die jeug nie afskrik om te kom nie. Dalk het almal nou net uiteindelik uitgevind hoe lekker dit is om te kuier saam met jeug van jou eie kerk.

Gerrit Kamphuis is nou weer terug in ons midde nadat hy 'n jaar in Nederland gewerk het. Dit lyk

asof hy bly is om terug te wees, want jy sal hom by elke ontspanning sien. Dan is daar ook Frank Douma wat van die Kaap af by ons aangesluit het. Ek weet nie presies wat sy planne nou is nie, maar dit lyk asof hy werk gekry het en nou 'n rukkie hier gaan bly. Frank, ek hoop jy voel al welkom hier en dat jy die tyd hier sal geniet.

Een Saterdagoggend is daar van die jeug na Roodeplaatdam toe om die dag 'n bietjie rustig by of op die dam deur te bring. Daar was genoeg vaargoed en die skouerspiere het weer oefening ingekry. Die wolke in die lug het gekeer dat ons nie te erg gebrand het nie. Na middagete het Wolter Miske ons in die Landcruiser gevat vir 'n trippie deur die bosse. Gelukkig kon die meisies weer hulle stembande oefen deur te gil by elke

afdraande of skuinste waar dit lyk asof die Landcruiser gaan omval. Die mansmense het net rustig gesit en die Landcruiser se krag bewonder.

Daar was weer 'n studentevereniging byeenkoms gewees. Hanno Boon het met die hulp van Freek van der Meer met ons gepraat oor kloning. Dit is verbasend om te sien hoe aktueel kloning is en hoeveel webwerwe daar is wat slegs oor kloning gaan. Dit is ook nie net oorsee wat oor kloning gepraat word nie, daar is selfs 'n dokter in Suid-Afrika wat sê dat hy gereed is om die eerste mens te kloon. Dis verskriklik om so te wil spot met God. Na die tyd het ons na die museum gegaan waar ons kon kyk na gedesekteerde liggaamsdele wat bewaar word vir studiedoeleindes. Daarna

het ons by die Uniegebou gaan koffie drink en springmielies geet.

So tussendeur alles was daar ook nog 'n karvenster-was gewees ten bate van die nuwe gereformeerde laerskool in Soshanguve. Sover my kennis strek, is daar net oor die R700 ingesamel. Die jeugsentrale van Pretoria het besluit om geld aan hulle te skenk en so het daar van die jeug gaan vensters was. Ons glo dat die bestuur van die skool die geld goed sal kan gebruik tot die opbou van God se koninkryk.

Dis vir eers al van my kant af. Tot 'n volgende keer.

Voetspoor.

*Nog iets*

## 1 KORINTIËRS 13

(Uit: "Die Griekwapsalms en annerlike goeterse yt die Woord yt" geskryf deur Hans du Plessis)

Al sal ek die tale van mense en van ingele praat,  
maar ek het die liefde geloop geruil vir die haat,  
dan het ek net 'n raaslike paraffienblik gekom raak.

Al was ek so slim lat ek nuwe goeterse kan maak,  
maar ek het die Jirre se liefde buite in die son gelat lê,  
dan is ek niks, hoor wat ek hierdie vandag vir jou sê.

Al gee ek my hele bokke weg, net om te die eer te hê.  
dan sal al hierdie dinge my nou nog niks gepetaal het nie  
as ek nie die liefde uit die jimmel kan geloop haal het nie.  
Die regtige liefde dié se bek is nooit te dik nie,  
jy sien hom nie skinder en jy hoor hom nie klik nie,  
hy skrywe die kwaad ok nie in boekietjiese op nie.

Die liefde maak alles mooi toe met hom se sawwe karos.  
Tale dié hou op, voorspellinge verdro en woorde raak los,  
maar liefde dié sal nou tot by ewigheid toe net so bly staan.

Toet ek nou 'n kind gewas het, toe't ek sos 'n kind gedink,  
en vandag sien ek net troewelte in die gorrawaterse blink,  
maar eendag sal ek die Jirre se hele waarlikheid kom weet.  
En nou is dit die geloof en die hoop en die liefde wat nou bly staan,  
maar net die liefde sal saam met my na die Jirre se jimmel toe gaan.

# BREIRYMPIE

uit Uys Krige se “Versamelde gedigte” (1985)

Mammie,  
ek wil graag silwer wees.

My kind,  
dan sal jy koud kry, ek is bevrees.

Mammie,  
ag, was ek maar van goud gemaak.

My kind,  
dan sou drie dienaars oor jou waak.

Mammie,  
ek sou ‘n diamant wil word.

My kind,  
dan slyp hul jou mos klein en kort.

Mammie,  
was ek maar ou Kleurkasie.

My kind,  
dan kry jy snags skoon bewerasie.

Mammie,  
was ek maar ‘n waterval.

My kind,  
jy sal verkluiem ... en val en val.

Mammie,  
ek sou so graag ‘n vlam wil wees.

My kind,  
dan kwyn jy ... en dis klaar met  
Kees.

Mammie,  
brei my in jou kussing in.

Dit, ja, dit,  
my skat,  
ek gaan nou op die plek begin!

Ons lewe in ‘n samelewing  
waar ons steeds weer beter  
moet wees en gou gebeur dit  
dat ons begin streef na dit wat  
ons nie is nie. Ons luister ook  
nie meer na die raad van die  
mense om ons nie, want ons is  
mos nou al mooi groot. Gou  
vergeet ons watter wysheid  
ons ouers kan verskaf as ons  
net daarvoor vra. Hulle het  
ook uit ervaring geleer. Dit is  
ook hulle wat jou aanvaar  
soos wat jy is en nie dit wat jy  
wil voorgee om te wees nie.  
Ons vergeet gou wat regtig  
belangrik in die lewe is. Laat  
ons in die toekoms die liefde  
van die mense om ons en vir  
ons waardeer en besef dat dit  
een van die belangrikste dinge  
in die lewe is.

---

## VERJAARSDAE

### Bethal

Charl Coetzee 7 Jun  
Toinette Coetzee 23 Jun

### Johannesburg

Aurelius Kuyvenhoven  
31 Mei

### Kaapstad

Sarel van Wyk 3 Mei  
Roseanne le Roux 5 Mei  
Anel Winterbach 9 Mei  
Erik-Jan Moes 16 Mei  
Karen Douma 19 Mei  
Jacques Kilian 20 Mei  
Marco Zielman 22 Mei

Vanessa Derks 24 Mei  
Diana Douma 6 Jun  
Frans Geleijnse 30 Jun

### Maranata

Berend de Jager 03 Mei  
Iman van den Bout 07 Mei  
Frans Hagg 11 Mei  
Monika Kampman 12 Mei  
Anita Dryfhout 23 Mei  
Rynald de Wit 24 Mei  
Clarisse van den Bout 2 Jun  
Marlene de Vente 5 Jun  
Hein de Jager 6 Jun  
Marie-Louise van den Bout  
14 Jun

Margreet Bron 24 Jun  
Johannes Kerkhoff 27 Jun

### Pretoria

Wieger van der Veen 3 Mei  
Naomi Schuring 15 Mei  
Willemien Kleyn 15 Mei  
Anja Smit 18 Mei  
Christelle Bosker 30 Mei  
Iemke Buenk 3 Jun  
Aliena Miske 9 Jun  
Cornelis Kleyn 9 Jun  
Marius Bijker 9 Jun  
Henriette Ros 16 Jun  
Charlene Danielz 23 Jun  
Gerbrand Klapwyk 30 Jun